# Wys my die weg, Here

## WELKOM

Dink aan die week wat verby is. Waaraan het jy jou tyd bestee? Dalk werk of studies, sosiale media, vermaak soos Netflix of YouTube, oefening, slaap, sosiale aktiwiteite, tyd saam met die Here, jou familie?

Gee vir elke jongmens ’n skoon vel papier. Laat hulle ’n opsomming maak van hoeveel ure hulle aan elke aspek bestee het.

Gesels saam:

- Hoeveel van hierdie dinge verryk jou lewe?
- Hoeveel hiervan is sinneloos?
- Hoeveel van hierdie aspekte versterk jou verhouding met die Here?

## WONDER

Lees 2 Koning 17:7-19 saam. Lig vers 15 uit:

Hulle het sy vaste voorskrifte en sy verbond wat Hy met hulle voorouers gesluit het, verwerp, ja, sy bepalings waardeur Hy hulle gewaarsku het. *Hulle het agter nuttelose afgode aangeloop en self nutteloos geword*. Hulle het die nasies wat rondom hulle was, gevolg – nasies oor wie die Here hulle opdrag gegee het om nie soos hulle te maak nie” (2020-vertaling).

Gesels saam:

- Waarna verwys die verbond?
- Hoe het Israel die verbond verbreek?
- Hoe het hulle ontrouheid aan God hulle lewe beïnvloed?
- Hoekom sal mense eerder afgode najaag as om na God te luister?
- Wat is die uitwerking van afgode in ons lewe?

## WEES

Wys ’n groot glashouer, ’n houer of ’n sak vol sand en ’n klomp gholfballe (of tafeltennisballe) vir die groep. Verduidelik vir hulle dat die glashouer ons lewe simboliseer; die sand stel onbelangrike, maar lekker dinge in ons lewe voor, soos Netflix en chill, en die gholfballe verteenwoordig die heel belangrikste dinge in ons lewe soos ons verhouding met God.

Maak die glashouer driekwart vol sand.

Gesels saam:

- Watter dinge, wat eintlik nie so belangrik is nie, word vir ons soms baie belangrik?
- Hoe lyk dit wanneer iets vir ons soos ’n afgod word?

Probeer om soveel moontlik gholfballe in die houer, bo-op die sand, te pak. Maak seker dat daar heelwat gholfballe oorbly.

Gesels saam:

- Hoe beïnvloed die dinge wat soos afgode vir ons is ons lewe?

Doen weer die aktiwiteit, maar maak hierdie keer die houer eers vol gholfballe. Al die gholfballe moet in die houer pas.

Gesels saam:

- Watter dinge is veronderstel om die belangrikste in ons lewe te wees?
- Hoe kan ons sorg dat ons hierdie dinge die nodige plek in ons lewe gee?

Ons kan steeds sand in die houer gooi, maar dit is baie minder.

## WEGSTUUR

Kyk weer na die lys van dinge waaraan jy jou tyd die afgelope week bestee het. Is daar moontlike aanpassings wat jy kan maak om jou verhouding met die Here te versterk? Probeer die aanpassings hierdie week toepas.